- (9) Geen hormoonresidue, antibiotika, patogene mikroorganismes, toksiese stowwe of ander kontaminante mag in voedingsmiddels vir babas of jong kinders aanwesig wees nie, tensy die vlakke daarvan in ooreenstemming is met die toepaslike regulasies kragtens die Wet en die toepaslike Codex-standaarde.
- (10) Enige voedingsmiddel vir babas of jong kinders moet berei word volgens goeie vervaardigings- en goeie higiënepraktyke wat deur Codex-standaarde en ander toepaslike regulasies kragtens die Wet bepaal word, sodat —

- (a) residu van plaagdoders wat vir die produksie, berging of prosessering van die rou materiaal of die bewerkte voedselbestanddeel nodig is, nie in die voedingsmiddel agterbly nie; of
  - (b) indien onvermydelik, kontaminante verminder word tot 'n konsentrasie laer as daardie wat as die maksimum standaard vir die kontaminant vasgestel is.
- (11) Die etiket van 'n aangewese produk moet die naam, adres en kliëntediensnommer van die vervaardiger, invoerder of verkoper bevat.
- (12) Die etiket van 'n aangewese produk mag nie enige ander aangewese produk meld, bevorder of adverteer nie.
- (13) Geen speelgoed of enige ander vorm van geskenk of aandenking mag saam met die aangewese produkte genoem in subregulasie 2(1), gemeld, ingevoeg of verkoop word nie, met die uitsondering van maatlepels en skeplepels.
- (14) Geen aansporings, lokmiddels of uitnodigings van enige aard wat verbruikers kan aanmoedig om met die vervaardiger of verspreider van 'n aangewese produk kontak te maak en wat tot die verkoop of die bevordering van 'n aangewese produk vir babas of jong kinders kan lei, mag op die etiket of in die bemerking van 'n aangewese produk vir babas of jong kinders gebruik word nie.
- (15) Die byvoeging van heuning of esdoringstroop as 'n komponent in 'n voedingsmiddel vir babas ouer as ses maande of jong kinders word toegelaat, met dien verstande dat -
- (a) sodanige heuning of esdoringstroop voldoen aan die toepaslike regulasies gepubliseer kragtens die Wet; en
  - (b) daar aangetekende bewyse is dat sodanige heuning of esdoringstroop vry van botulinustoksine is.
- (16) Die byvoeging van kruie en speserye as 'n komponent in 'n voedingsmiddel vir babas of jong kinders word toegelaat, met dien verstande dat sodanige kruie en speserye voldoen aan die *Regulasies betreffende mikrobiologiese standaarde vir voedingsmiddels en verwante aangeleenthede*.

- (17) Geen voedingsmiddel bedoel vir babas of jong kinders mag enige versoeters gelys in die "Codex general standard for food additives (GSFA)" van die Codex Alimentarius Kommissie, of 'n mengsel van twee of meer daarvan, bevat nie.
- (18) Geen verklaring of aanspraak wat 'n boodskap oordra wat 'n spesifieke maatskappynaam of logo of handelsnaam voorstel as die kundiges met betrekking tot die voed of voeding van babas en jong kinders mag op die etiket of op enige ander wyse gemaak word nie.
- (19) Behoudens die bepalings van hierdie regulasies moet die etikettering van voedingstowwe vir babas en jong kinders ook voldoen aan die bepalings van die *Regulasies betreffende die etikettering en advertering van voedingsmiddels* gepubliseer ingevolge die Wet, met inbegrip van alle wysigings.

**SPESIFIEKE ETIKETTERINGS- EN ANDER VEREISTES VIR FORMULE VIR BABAS, OPVOLGFORMULE, OF FORMULE VIR BABAS OF OPVOLGFORMULE VIR DIE BESONDERE VOEDINGHANTERING VAN SPESIFIEKE MEDIESE TOESTANDE**

- 3(1) Die houer of etiket van 'n formule vir babas of 'n opvolgformule moet die volgende inligting bevat:
- (a) Die hoofpaneel moet die volgende bevat:
- (i) die ouderdomsperke van die babas en jong kinders vir wie sodanige produk geskik is, onder die naam of beskrywing van die produk, in letters wat minstens 3 mm hoog is vir die kleinste letters vir 'n houer van 400 g, wat proporsioneel tot die grootte van die houer moet vergroot;
- (ii) die volgende duidelike, opvallende en maklik leesbare boodskappe in vetdruk in letters wat minstens 3 mm hoog is, wat aan die bokant van die hoofpaneel van die etiket moet wees:
- (a) "Bevat nie borsmelk nie"; en
- (b) "Borsmelk is die beste voedsel vir babas";

(iii) die volgende duidelike, opvallende en maklik leesbare boodskappe in vetdruk in letters wat minstens 2 mm hoog is, wat aan die onderkant van die hoofpaneel van die etiket moet wees:

- (a) "Hierdie produk moet slegs gebruik word soos deur 'n beroepsgesondheidspraktisyn aanbeveel.";
- (b) "Hierdie produk is nie altyd steriel nie en kan skadelike mikroörganismes bevat. Dit moet korrek berei en gebruik word."

(b) Die boodskappe uiteengesit in 3(1)(a) hierbo, ook die vereistes vir die spesifieke lettergroottes, moet op die multibladsykleefetiket of voubiljet in minstens vyf ander amptelike tale herhaal word, soos in subregulasie 3(6)(a) gemeld.

(2) Die houer of etiket van 'n formule vir babas of opvolgformule vir die besondere voedinghantering van spesifieke mediese toestande moet die volgende inligting bevat:

(a) Die hoofpaneel moet die volgende bevat:

- (i) die aanduiding vir gebruik, wat aangebring moet word in letters wat minstens 2 mm hoog is, soos volg: "Vir die voedinghantering van..." met die spesifieke siekte/s, siektetoestand/e of mediese toestand/e waarvoor die produk bedoel en doeltreffend bewys is in die oop spasie aangebring;
- (ii) die stelling "Borsmelk is die beste voedsel vir babas" in vetdruk in letters wat minstens 3 mm hoog is, wat aan die bokant van die hoofpaneel van die etiket moet wees, met dien verstande dat in die geval van 'n formule vir babas of opvolgformule vir die besondere voedinghantering van spesifieke mediese toestande waarvoor borsmelk op mediese gronde teenaangedui word, die voornoemde boodskap nie op die etiket hoef te verskyn nie;
- (iii) die ouderdomsperke van die babas vir wie sodanige produkte geskik is, onder die naam of beskrywing van die produk, in letters wat minstens 3 mm hoog is vir die kleinste letters vir 'n houer van 400 g, wat proporsioneel tot die grootte van die houer moet vergroot;

- (iv) die volgende duidelike, opvallende en maklik leesbare boodskap in vetdruk in letters wat minstens 2 mm hoog is: "Hierdie produk is nie altyd steriel nie en kan skadelike mikroörganismes bevat. Dit moet korrek berei en gebruik word."
  - (v) 'n prominente verklaring wat sê "GEBRUIK ONDER MEDIESE TOESIG", wat in vetdruk in letters wat minstens 3 mm hoog is moet verskyn;
- (b) alle formule vir babas vir die besondere voedinghantering van spesifieke mediese toestande moet, bykomend tot die vereistes in paragraaf (2)(a) hierbo, voldoen aan die jongste goedgekeurde weergawe van Codex-standaard 72-1981, Afdeling B, met die opskrif "*Formula for special medical purposes intended for infants*";
- (c) die voedingsmodifikasies, indien enige, wat in die voedingsinligtingstabel aangedui moet word.
- (3) Die houer of etiket van 'n formule vir babas, of 'n opvolgformule, of 'n formule vir babas of opvolgformule vir die besondere voedinghantering van spesifieke mediese toestande moet instruksies verskaf vir die behoorlike sterilisering van toerusting en gebruiksartikels, en instruksies vir die korrekte bereiding en gebruik ooreenkomstig die jongste VLOWGO-riglyne getiteld "*Safe preparation, storage and handling of powdered infant formula guidelines*", wat-
- (a) in maklik verstaanbare woorde en grafika moet wees wat slegs die gebruik van voedingsbottels met kunsspene en gewone koppies uitbeeld;
  - (b) aandui dat veilige, voorafgekookte water gebruik moet word;
  - (c) aandui dat slegs die ingeslote skelepel gebruik moet word;
  - (d) die voedingskaart en gebruiksaanwysing en instruksies vir die wegdoening van oorskietvoeding aandui;
  - (e) aandui dat slegs een voeding op 'n slag berei moet word;

- (f) die behoorlike berging en bewaring voor en nadat die houer oopgemaak is, aandui;
  - (g) aandui dat die baba tydens voeding regop gehou moet word;
  - (h) aandui dat die voubiljet in ander tale instruksies gee vir die korrekte bereiding en gebruik;
  - (i) in die Engelse taal is, met dien verstande dat die vereistes in paragraaf (a) tot (h) in minstens vyf ander amptelike tale, soos in subregulasie 3(6)(a) voorgeskryf, op die multibladsykleefetiket of voubiljet herhaal word.
- (4) Die houer of etiket van 'n formule vir babas, of 'n opvolgformule, of 'n formule vir babas of opvolgformule vir die besondere voedinghantering van spesifieke mediese toestande mag nie, in die handelsnaam of in enige ander frases, die uitdrukkings "moederlik", "menslik" of enige afgeleide vorm van hierdie uitdrukkings, of 'n soortgelyke uitdrukking wat 'n sterk ooreenkomst tussen die produk en borsmelk suggereer, insluit nie.
- (5) Die etiket van vloeibare formule wat gereed is vir gebruik word vrygestel van die vereistes in regulasie 3(3)(b), (c) en (e) en die boodskappe in regulasie 3(1)(a)(iii)(b) en 3(2)(a)(iv).
- (6) 'n Vervaardiger of verspreider mag nie 'n formule vir babas, of 'n opvolgformule, of 'n formule vir babas of opvolgformule vir die besondere voedinghantering van spesifieke mediese toestande invoer, te koop aanbied of verkoop indien-
- (a) dit nie 'n multibladsykleefetiket of 'n inligtingsblaadjie insluit nie wat tussen die etiket en houer of herseëlbare houer ingevoeg is wat die inligting genoem in regulasie 3(1)(a), 3(2)(a) en 3(3) in vyf ander amptelike tale bevat wat soos volg bepaal word: een in die Nguni-groep, een in die Sotho-groep, Afrikaans, Xitsonga en Tshivenda. Die taalgroepe is die Nguni-groep (isiZulu, isiXhosa, isiNdebele, Siswati), die Sotho-groep (Sesotho, Setswana, Sepedi), Afrikaans, Xitsonga en Tshivenda.
- (7) Houers en/of etikette van 'n formule vir babas of 'n formule vir babas vir die besondere voedinghantering van spesifieke mediese toestande moet minstens een van die gezondheidsboodskappe bevat wat in Aanhangsel D by hierdie regulasies uiteengesit is. Die boodskap moet sigbaar, leesbaar, duidelik en opvallend wees.



- (8) Alle etikette van 'n formule vir babas, of 'n opvolgformule, of 'n formule vir babas of opvolgformule vir die besondere voedinghantering van spesifieke mediese toestande moet die voedingsinligting bevat van al die voedingstowwe en substansies wat deel vorm van die essensiele samestelling van die produk ooreenkomstig die Codex-standaarde, en in die voorgeskrewe formaat in Aanhangsel A uiteengesit.
- (9) Indien sojaproteïen die enigste bron van proteïen is, moet die produk soos volg geëtiketteer word: "Sojaproteïen-gebaseerde formule vir babas of opvolgformule".
- (10) Alleenlik proteïeniseolate uit soja moet gebruik word in gevalle waar 'n formule vir babas of 'n opvolgformule slegs soja as 'n bron van proteïen gebruik of in 'n mengsel van soja- en koeimelkproteïen.
- (11) Al die bestanddele en additiewe wat in 'n formule vir babas, of 'n opvolgformule, of 'n formule vir babas of opvolgformule vir die besondere voedinghantering van spesifieke mediese toestande gebruik word, moet glutenvry wees en geen aanspraak te dien effekte mag op die etiket of op enige ander wyse gemaak word nie.

**SPESIFIEKE ETIKETTERINGS- EN ANDER VEREISTES VIR AANVULLENDE VOEDSEL EN VLOEIBARE MELK, POEIERMELK, GEMODIFISEERDE POEIERMELK EN POEIERDRANKIES BEMARK OF OP 'N ANDER MANIER VOORGESTEL AS GESKIK VIR BABAS OF JONG KINDERS**

- 4(1) 'n Vervaardiger of verspreider mag nie aanvullende voedsel of vloeibare melk, poeiermelk, gemodifiseerde poeiermelk of poeierdrankies wat bemark of op 'n ander manier voorgestel word as geskik vir babas of jong kinders invoer, te koop aanbied of verkoop nie, tensy die houer of etiket geheg aan sodanige produk, in letters in vetdruk en in 'n duidelike, opvallende en maklik leesbare taal-
- (a) die ouderdomsperke aandui van babas van ses maande en ouer of jong kinders vir wie sodanige produk geskik is, onder die naam of beskrywing van die produk op die hoofpaneel van die etiket, en in letters wat minstens 2 mm hoog is vir die kleinste letters;

- (b) die instruksies verskaf vir die veilige en korrekte bereiding, waar toepaslik, sowel as die gebruik en geskikte porsiegroottes vir die verskillende ouderdomme;
  - (c) die instruksies verskaf vir die veilige berging voor en nadat die houer oopgemaak is;
  - (d) 'n waarskuwing, voorafgegaan deur die uitdrukking "Belangrike kennisgewing", insluit teen die gesondheidsgevaare van onveilige en inkorrekte bereiding, gebruik en berging, waar toepaslik;
  - (e) die volgende stelling insluit: "Hierdie voedsel is nie vir babas jonger as ses maande bedoel nie en vroeë bekendstelling daaraan word nie aanbeveel nie";
  - (f) waar etiketspasie dit toelaat, die volgende boodskap meld: Babas moet vanaf ses maande, saam met borsmelk, 'n verskeidenheid voedsel gegee word. Vra 'n gesondheidswerker of 'n gesondheidsberoepspraktisyn om raad.";
  - (g) die uitdrukking "MOENIE SOUT EN/OF SUIKER BYVOEG NIE" insluit in die onmiddellike nabyheid van die bereidingsinstruksies, in hoofletters wat minstens 2 mm hoog is.
- (2) Ondanks die bepalinge van regulasie 4(1), moet die etiket of houer van geprosesseerde voedingsmiddels met 'n graanbasis vir babas en jong kinders—
- (a) in die geval van 'n graan, met 'n proteïeninhoud van 15% of meer van die voedingstofverwysingswaarde (VWV) vir die besondere ouderdomsgroep per porsie, en waar die totale proteïengehalte waarvan die geanaliseerde aminosure van die voedingsmiddel minstens 80% van elk van die aminosure moet bevat soos per die aminosuurverwysingspatroon gelys in Aanhangsel 5 van die *Regulasies betreffende die etikettering en advertering van voedingsmiddels*, 'n verklaring bevat te dien effekte dat die graan met voorafgekookte, afgekoelde water berei moet word;
  - (b) in die geval van 'n graan met 'n proteïeninhoud van minder as 15% van die VWV vir die besondere ouderdomsgroep per porsie, 'n verklaring bevat te dien effekte dat die graan met borsmelk of 'n formule berei moet word indien dit gegee word aan babas tussen die

ouderdomme van ses en 12 maande, in vetdruk in hoofletters wat minstens 3 mm hoog is;

(c) behoudens subregulasie (2)(a), 'n verklaring bevat dat waar verdere gaarmaak nie vereis word nie, die graan met voorafgekookte, afgekoelde water berei moet word.

(3) Aanvullende voedsel en vloeibare melk, poeiermelk, gemodifiseerde poeiermelk of poeierdrankies wat bemark of op 'n ander manier voorgestel word as geskik vir babas of jong kinders mag nie:-

(a) name, frases of uitdrukkings soos "moederlik", "menslik", "borsmelkvervanging" of enige afgeleide vorm daarvan of enige soortgelyke uitdrukking wat 'n sterk ooreenkoms tussen die produk en borsmelk suggereer, gebruik nie;

(b) uitdrukkings of name, wat vertolk kan word as sou dit die produk identifiseer as geskik vir die voed van babas, gebruik nie, soos die uitdrukkings "eerste groeifase", "eerste voedsel", "van die begin af", "die beste wegspring in die lewe" of soortgelyke terme of uitdrukkings.

#### **SPESIFIEKE ETIKETTERINGS- EN ANDER VEREISTES VIR NAGEMAAKTE SUIWELPRODUKTE, VERSOETE GEKONDENSEERDE MELK EN BOKMELK**

5(1) Houers van nagemaakte suiwelprodukte, versoete gekondenseerde melk en bokmelk moet duidelik gemerk word met die woorde "**NIE VIR VOED VAN BABAS NIE**", welke woorde:-

(a) op die voorste etiket of hoofpaneel;

(b) in die Engelse taal; en

(c) in hoofletters moet wees wat minstens 3 mm hoog is.

#### **SPESIFIEKE ETIKETTERINGS- EN ANDER VEREISTES VIR BABABOTTELS, VOEDINGSKOPPIES EN KUNSSPENE**

6(1) 'n Vervaardiger of verspreider mag nie 'n bababottel, voedingskoppie of kunsspeen te koop aanbied of verkoop indien 'n etiket, pakket of houer nie by sodanige produk gevoeg is nie.

(2) Die etiket, pakket of houer van 'n bababottel, voedingskoppie of kunsspeen gemeld in subregulasie 6(1) moet:-

- (a) 'n verklaring insluit oor die voortreflikheid van borsmelk vir die voeding van babas-
    - (i) in hoofletters wat minstens 3 mm hoog is; en
    - (ii) op die etiket waarvan die hoofpaneel groter of gelyk moet wees aan 12 000 mm<sup>2</sup>; met dien verstande dat waar die hoofpaneel kleiner as 12 000 mm<sup>2</sup> is, die lettergrootte proporsioneel verminder kan word;
  - (b) instruksies insluit vir die behoorlike skoonmaak en sterilisering van bababottels, voedingskoppies en kunsspeene in die Engelse taal: met dien verstande dat die inligting in minstens vyf ander amptelike tale op 'n multibladsykleefetiket of voubiljet herhaal word;
  - (c) 'n waarskuwing insluit oor die potensiële gesondheidsgehare van die gebruik van 'n bababottel of voedingskoppie, indien die bottel, koppie of kunsspeen nie behoorlik gesteriliseer is nie, in Engels en een ander amptelike taal;
  - (d) dié waarskuwing insluit: "As jy jou baba borsvoed, kan die gebruik van 'n bababottel en kunsspeen inmeng met die baba se natuurlike manier van soog aan die bors"; en
  - (e) die naam en adres insluit van die vervaardiger en verspreider van die produk of van die plaaslike agent.
- (3) Die etiket, pakket of houer van 'n bababottel, voedingskoppie of kunsspeen mag nie enige ander grafiese voorstelling toon nie as:
- (a) ter illustrering van wassing en sterilisering;
  - (b) die logo van die vervaardiger of verspreider.
- (4) In die geval van 'n ingevoerde bababottel, voedingskoppie en/of kunsspeen kan die etiketteringsvereistes in regulasie 6 genoem op 'n kleefplakker op die agterkant van die pakket of 'n omlooptiket of die verpakkingsmateriaal gevoeg word.
- (5) Die etiket, pakket of houer van 'n bababottel, voedingskoppie of kunsspeen mag nie enige woorde of beelde toon nie wat die indruk wek dat so 'n bababottel, voedingskoppie of

kunsspeen vervaardig is ooreenkomstig die aanbevelings van 'n geneeskundige of tandheelkundige praktisyn of 'n ander persoon wat kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), of die Wet op Verwante Gesondheidsberoepe, 1982 (Wet No. 63 van 1982), of enige ander gesondheidsberoepswetgewing geregistreer is.

- (6) Enige handeling, aksie of voordele met betrekking tot voeding met, of suig aan, 'n bababottel of kunsspeen, of die fisiese eienskappe van sodanige bababottel of kunsspeen, mag nie in enige vorm of op enige wyse met die handeling, aksie of voordele van soog aan 'n menslike bors of die fisiese eienskappe van sodanige menslike bors vergelyk word nie.
- (7) 'n Vervaardiger of verspreider mag nie enige bababottel invoer, te koop aanbied of verkoop indien dit nie aan die "*Regulasies wat die vervaardiging, invoer, uitvoer en verkoop van polikarbonaat-bababottels wat bisfenol A bevat, verbied*, R. 879 van 21 Oktober 2011, voldoen nie.

## PROMOSIE-VERWANTE AANGELEENTHEDE

### VERKOOP EN PROMOSIE

- 7(1) Geen persoon mag 'n promosiepraktyk of -plan onderneem of daaraan deelneem nie, wat adverteer ten opsigte van:-
- (a) 'n formule vir babas;
  - (b) 'n opvolgformule;
  - (c) 'n formule vir babas of opvolgformule vir die besondere voedinghantering van spesifieke mediese toestande;
  - (d) vloeibare melk, poeiermelk, gemodifiseerde poeiermelk of poeierdrankies wat bemark of op 'n ander manier voorgestel word as geskik vir babas of jong kinders;
  - (e) bababottels, kunsspene en voedingskoppies met tuite, strooitjies of kunsspene; en
  - (f) enige ander produkte wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* kan afkondig.
- (2) Promosiepraktyke of -planne ten opsigte van die produkte gemeld in subregulasie 7(1) sluit in, maar is nie beperk nie tot-

- (a) verkoopsplanne soos kortings, voordele in goedere, terugbetalings of enige ander geldelike voordele, spesiale uitstallings om verkope te bevorder, advertensies oor die beskikbaarheid van die produk by 'n spesifieke kleinhandelafsetpunt en die prys daarvan, koppelverkope, afslag in enige vorm, kompetisies met pryse, of enige ander aansporings en geskenke;
- (b) regstreekse of onregstreekse kontak tussen maatskappypersoneel en lede van die publiek ter bevordering van, of vir die doel van die promosie van, die besigheid van die maatskappy met betrekking tot die produkte in subregulasie 7(1) genoem; en vir die doeleindes van hierdie regulasies sluit **"onregstreekse kontak"** met name in internetwebtuistes wat as gashere optree vir 'n Suid-Afrikaanse entiteit of 'n entiteit wat in Suid-Afrika sake doen, televisie en radio, telefoon- of internethulplynne en moeder-en-babaklubs, maar sluit kontak uit met betrekking tot produkgehalteklagte en nadelige gebeure;
- (c) die verspreiding van enige inligting of opvoedkundige materiaal oor die voeding of voed van babas en jong kinders, behalwe ooreenkomstig subregulasie 7(4);
- (d) promosie-items soos skryfbehoeftes, T-hemde of ander kledingstukke, hoofbedekkings, huishoudelike gebruiksvoorwerpe en huishoudelike linne wat die produkte noem wat in subregulasie 7(1) van hierdie regulasies vervat is;
- (e) die handelsnaam van 'n produk genoem in subregulasie 7(1) wanneer sodanige produk by 'n geleentheid gehou vir die algemene publiek gebruik word;
- (f) advertensies in skriftelike publikasies, op televisie, radio of film of in die elektroniese media, e-pos-, video- en telefoonadvertensies, uitstallings en tentoonstellings, asook buite-advertensies soos reklameborde, plakkate, uithangborde en elektroniese uithangborde;
- (g) die skenk of verspreiding van enige toerusting, ook die bou, opknapping of instandhouding van 'n gesondheidsinstelling wat die maatskappynaam of -logo dra, wat spesifiek gerig is op die verskaffing van sorg aan babas, jong kinders, swanger vroue of die moeders van babas en jong kinders, sonder die voorafgoedkeuring van die Direkteur-generaal of 'n persoon wat namens hom/haar optree;

- 
- (h) navorsingstoelaes of enige ander finansiële bystand met betrekking tot die voeding van babas of jong kinders wat aan gesondheidsorgpersoneel verskaf word wat werksaam is in 'n gesondheidsinstelling of aan gesondheidsorgpersoneel wat aan 'n gesondheidsinstelling gekoppel is, tensy goedkeuring vooraf verkry is by die Direkteur-generaal of 'n persoon wat namens hom/haar optree;
- (i) finansiële bydraes of borgskappe aan gesondheidsorgpersoneel wat werksaam is op die terrein van die voeding van babas en jong kinders;
- (j) borgskappe van vergaderings toegespits op gesondheidsorgpersoneel, waar die voeding van babas en jong kinders alleenlik of deels die onderwerp van bespreking is, tensy die bydrae of borgskap gemaak is in 'n poel van fondse vir kongresorganiseerders, met dien verstande dat 'n billike en deursigtige proses gevolg word met die verkiesing en borg van die afgevaardigdes wat sodanige geleentheid bywoon. Geborgde afgevaardigdes moet onder geen verpligting staan teenoor die betrokke maatskappy nie.
- (3) Geen persoon mag 'n aangewese produk, ook aanvullende voedsel, deur gesondheidsorgpersoneel of gesondheidsinstellings verkoop, bevorder of adverteer nie. Verbode promosiepraktyke sluit in, maar is nie beperk nie tot:-
- (a) die gee of aanbied, regstreeks of onregstreeks, van enige geskenk, in kontant of in goedere, bydrae of voordeel aan gesondheidsorgpersoneel, hetsy gerig op sodanige werker se persoonlike gebruik al dan nie; en
- (b) ondanks die bepalings van subregulasie 7(3) kan 'n institusionele apteek in 'n private gesondheidsinstelling 'n aangewese produk verkoop, maar mag hy sodanige produk nie adverteer of by die bevordering daarvan betrokke wees nie.
- (4) Geen vervaardiger, verspreider, kleinhandelaar, invoerder of persoon wat namens die voornoemdes optree mag enige opvoedkundige materiaal oor die voeding van babas en jong kinders produseer of versprei wat enige produkte in subregulasie 7(1) genoem, bevorder nie.
- (5) Geen vervaardiger, verspreider, kleinhandelaar, invoerder of persoon wat namens die voornoemdes optree mag enige opvoedkundige inligting betreffende die voeding van babas en jong kinders produseer, versprei en aanbied nie.

**VERBOD OP DIE BEVORDERING EN/OF VERSPREIDING VAN GESKENKPAKKE**

- 8 Geen gesondheidsinstelling mag geskenkpakke bevorder en/of versprei wat enige aangewese produkte, individueel of in kombinasie met ander goedere, bevat of meld nie.

**VERBOD OP DIE VERSPREIDING VAN GRATIS OF LAEKOSTE- AANGEWESSE PRODUKTE OF MONSTERS**

- 9(1) Geen vervaardiger of verspreider mag voorrade of monsters van aangewese produkte gratis of teen lae koste aan gesondheidsorgpersoneel of 'n ander persoon of aan 'n gesondheidsinstelling, behoudens subregulasie 9(2) en (3), versprei nie.
- (2) Ondanks die bepalings van subregulasie 9 (1) kan 'n persoon, vervaardiger of verspreider aangewese produkte gratis of teen 'n lae koste aan hospiese, kindershuise of plekke van veiligheid versprei, met dien verstande dat-
- (a) sodanige aangewese produkte aan al die toepaslike bepalings in die Codex-standaarde en in hierdie regulasies voldoen; en
  - (b) die voorsiening van die produkte gewaarborg word so lank as wat die betrokke babas dit nodig het; en
  - (c) die aangewese produkte nie herverkoop word nie.
- (3) Geen persoon in 'n gesondheidsinstelling mag voorrade of monsters van aangewese produkte gratis of teen 'n lae koste aanvaar of aan 'n ander persoon gee nie.

**VERBOD OP DIE UITSTAL VAN 'N AANGEWESSE PRODUK OF OPVOEDKUNDIGE MATERIAAL**

- 10 Geen persoon binne 'n gesondheidsinstelling in 'n eenheid wat babas of jong kinders, swanger moeders of moeders van babas en jong kinders versorg, mag die volgende uitstal of laat uitstal of toelaat dat dit uitgestal word nie:—
- (a) aangewese produkte;
  - (b) enige opvoedkundige materiaal wat die handelsnaam of 'n beskrywing van 'n aangewese produk bevat; of



- (c) die naam en/of logo van die vervaardigings- of verspreidingsmaatskappy van aangewese produkte, wanneer die materiaal boodskappe insluit oor voedingspraktyke vir of die voeding van babas en jong kinders.

## **MATERIAAL GERIG OP GESONDHEIDSORGVERSKAFFERS**

- 11** 'n Persoon, vervaardiger of verspreider kan tegniese wetenskaplike materiaal voorsien aan 'n gesondheidsorgverskaffer, met dien verstande dat—
- (a) sodanige inligting of materiaal beperk word tot huidige wetenskaplike en feitelike aangeleenthede, en in ooreenstemming is met die toepaslike regulasies kragtens die Wet;
  - (b) die materiaal geen gesondheids-, medisinale of voedingsaansprake bevat nie, hetsy in teks- of beeldformaat;
  - (c) dit slegs betrekking het op die tegniese aspekte en metodes vir die gebruik van die aangewese produk; en
  - (d) dit enige promosie van die aangewese produk op enige wyse uitsluit.

## **INDIENING VAN KLAGTE**

- 12** Enige persoon, groep, liggaam of instelling kan 'n skriftelike klag gesteun deur voldoende bewyse by die Direkteur-generaal indien.

## **INSPEKSIE**

- 13** Inspekteurs deur die Direkteur-generaal aangestel ingevolge artikel 10 van die Wet is verantwoordelik vir die toepassing van hierdie regulasies.

## **MISDRYWE**

- 14** Enige persoon wat hierdie regulasies oortree is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met die boetes soos voorgeskryf by die Wet.

**HERROEPING**

- 15** Goewermentskennisgewing No. R. 1130 van 8 Junie 1984, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. R. 2542 van 15 November 1985, R. 1256 van 15 Julie 1994 en R. 1210 van 17 Desember 2010, word hierby herroep.

**INWERKINGTREDING**

- 16(1)** Regulasies 2, 3, 4, 5 en 6 tree in werking **12 maande** vanaf die datum van publikasie van hierdie regulasies.
- (2) Regulasies 7, 8 en 11 tree in werking **ses maande** vanaf die datum van publikasie van hierdie regulasies.
- (3) Regulasie 9 en 10 tree in werking **op die datum** van publikasie van hierdie regulasies.

**OORGANGSMAATREËLS**

- 17** Vervaardigers, verspreiders en kleinhandelaars moet **binne 18 maande** vanaf die datum van publikasie van hierdie regulasies al die produkte wat nie hieraan voldoen nie van die mark verwyder.



**MINISTER VAN GESONDHEID**

DATUM: 3/12/2012

**AANHANGSEL A****Minimum verpligte voedingsinligting vir formule vir babas, opvolgformule en formule vir babas of opvolgformule vir die besondere voedinghantering van spesifieke mediese toestande**

Tipiese voedingsinligting:

Gekwantifiseerde enkelposiegrootte uitgedruk in gram of milliliter, wat ook al gepas is

	Per 100 g poeier soos verkoop	Per 100 ml Hersaamgestel Gereed vir gebruik	Per 100 kJ Gereed vir gebruik
Energie (kJ)			
Totale proteïene (g)			
Bygevoegde individuele aminosure (mg)			
Totale koolhidrate (g)			
waarvan laktose (g) en/of glukose (g)			
Totale vet (g)			
Linoleïensuur (mg)			
Linoleensuur (mg)			
Dokosaheksaënoësuur*			
Eikosapentanoësuur*			
Aragidoonsuur*			
Totale dieetvesel (g)			
Natrium (mg)			
Vitamiene in alfabetiese orde (aangedui in geskikte meeteenheid)			
Minerale en spoorelemente in alfabetiese orde (aangedui in geskikte meeteenheid)			
Nukleotiede*			
L(+) melksuur-produuserende bakterieë*			

\* Waar toepaslik

**AANHANGSEL B****Vereiste voedingsinligting**

**Formaat vir minimum verpligte voedingsinligting van aanvullende voedsel en vloeibare melk, poeiermelk, gemodifiseerde poeiermelk en poeierdrankies**

Tipiese voedingsinligting

Gekwantifiseerde enkelporsiegrootte uitgedruk in gram of milliliter, wat ook al gepas is

	Per 100 g/ml	Per enkelporsie	Per % VVW-porsie
Energie (kJ)			
Proteïen			
Glisemiese koolhidraat of koolhidraat (g)			
Waarvan totale suiker (g)			
Totale vet (g)			
Versadigde vet (g)			
**			
**			
**			
***			
Totale dieetvesel <sup>#</sup> (g)			
Natrium (mg)			
Vitamiene in alfabetiese orde (in geskikte meeteenheid)			
Minerale of spoorelemente in alfabetiese orde (in geskikte meeteenheid)			
<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Enige ander voedingstof of voedselkomponent wat ooreenkomstig hierdie regulasies verklaar moet word</li> <li>▪</li> </ul>	Aangedui in gram (g), milligram (mg), mikrogram (mkg/μg), of geskikte meeteenheid)	Aangedui in gram (g), milligram (mg), mikrogram (mkg/μg), of geskikte meeteenheid)	

\* Voedingstofverwysingswaardes (VVW's) vir individue 6-36 maande (kyk Aanhangel C) uitgedruk per enkelporsie.

\*\* Plek vir subgroepvoedingstof, soos monoönversadigde vet, poli-onversadigde vet, omega-3-vetsure, ens.

\*\*\* Plek om cholesterol in te voeg wanneer cholesterolinligting verstrek word.

# Dui ontledingmetode aan wat gebruik is om dieetvesel te bepaal.

**Alle voedingsinligting moet gegee word ten opsigte van die werklike voedingsmiddel in die pakket of houer.**

## AANHANGSEL C

## Voedingstofverwysingswaardes (VWV's) vir babas en jong kinders

		Babas	Jong kinders
		6-12 maande	Individue 13-36 maande
Energie	kJ	440/kg liggaamsmassa	5 600
Proteïen	g	2,0/kg liggaamsmassa	23
Vitamien A-aktiwiteit			
(1) Vitamien A	IU	1 330	1330
(2) Retinolekwivalent	$\mu\text{g RE}^2$	500	300
Vitamien D	IU	400	400
	$\mu\text{g}$	5	5
Vitamien E-aktiwiteit	IU	6	7,5
	$\text{mg } \alpha \text{ TE}^4$	5	6
Askorbiensuur	mg	50	50
Biotien	$\mu\text{g}$	50	65
Foliensuur	$\mu\text{g}$	80	150
Pantoteensuur	mg	1,8	2,0
Nikotiensuur	mg	4,0	6,0
Riboflavien (Vitamien B2)	mg	0,4	0,5
Tiamien (Vitamien B1)	mg	0,3	0,5
Piridoksien (Vitamien B6)	mg	0,3	0,5
Sianokobalamien (Vitamien B12)	$\mu\text{g}$	0,5	0,9
Vitamien K	$\mu\text{g}$	2,5	30
Kalsium	mg	270	500
Fosfor	mg	275	460
Jodium	$\mu\text{g}$	130	90
Yster	mg	11	7,0
Magnesium	mg	75	80
Koper	mg	1,0	1,2
Sink	mg	3,0	3,0
Kalium	mg	1 275	1 650
Natrium	mg	750	975
Chloried	mg	1 200	1 500
Mangaan	mg	1,0	1,5
Fluoried	mg	0,5	0,7
Chroom	mg	5,5	5,5
Seleen	$\mu\text{g}$	20	20
Molibdeen	mg	0,08	0,1
Cholien		150	200

**AANHANGSEL D****GESONDHEIDSBODSKAPPE**

1. Formule vir babas verhoog die risiko van allergieë vir die baba
  2. Formule vir babas verhoog die risiko van oorinfeksies vir die baba
  3. Formule vir babas verhoog die risiko van akute respiratoriese siekte vir die baba
  4. Formule vir babas verhoog die risiko van gastroïntestinale infeksies vir die baba
-



Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001  
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510  
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504  
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737  
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001  
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510  
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504  
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737  
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531